higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T80**(A)**(A8)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2

(11010102)

8 April 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende terme wat in messel- en pleisterteorie gebruik word:

1.1.1 Skotse steunraam ('*scotch bracketing')*

1.1.2 Lopende vorm ('*running mould')* (3 × 2) (6)

1.2 Noem enige VIER dele van 'n lopende vorm ('*running mould*'). (4)

[10]

VRAAG 2

2.1 Gipsbord het twee kenmerkend ander kante afhangend of dit eers direkte verfwerk of pleisterwerk benodig.

Watter kan sal in die volgende gevalle aan die buitekant wees:

2.1.1 As die borde gepleister moet word

2.1.2 As die borde geverf moet word (2 × 1) (2)

2.2 Noem VIER verskillende tipes plaatgaas ('metal laths') wat intern gebruik word. (4)

2.3 Verduidelik die korrekte prosedure wat gevolg moet word wanneer pleisterbord gesny word. (4)

2.4 Vuurvaste stene word gemaak van vuurvaste materiaal en kan baie hoë temperature weerstaan.

Noem SES plekke waar vuurvaste stene gebruik kan word. (6)

2.5 Noem VIER verskillende tipes blokke of plate wat in die boubedryf gebruik word. (4)

[20]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die vereistes vir ondervloerse ventilasie in terme van hangvloere. (6)

3.2 Gee DRIE voordele van geglasuurde erdewerk teenoor terracotta. (3)

3.3 Noem DRIE verskillende manier om 'n kantinperking ('*edge restraint*') vir plaveiselstene te vorm. (3)

3.4 Noem enige DRIE redes waarom spasieerders tydens teelwerk gebruik word. (3)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Teken die afwisselende lae van 'n een-en-'n-half steen skerp hoek in Engelse verband op 'n benaderde skaal van 1:10. **[20]**

VRAAG 5

Teken 'n vertikale deursnee van 'n houthangvloer op 'n benaderde skaal van 1:10.

Die tekening moet die volgende besonderhede aandui:

- Sementfondament 1:4:5
- 55 mm korbeelwerk
- DPC
- Lugsteen
- Plaatmetaalmierskut
- Muurplaat: 114 × 38
- Pleister binne: 15 mm
- Baksteenpyler: 5 lae van fondament tot onderkant van mierskut
- 76 × 22 vloerborde
- 70 × 20 omranding
- 76 × 50 draer **[15]**

VRAAG 6

Voltooi die volgende paragrawe deur die woord in de lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die nommers (6.1–6.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

suil; kolom; steunstuk; pilaar; entasis; sloping; voetstuk; vierkant; driehoek; rond; pyler; staal; opening; versiering

'n (6.1) … kan beskryf word as 'n stutpaal, (6.2) … pilaar wat 'n entablement, boog of ander struktuur ondersteun, terwyl 'n (6.3) … 'n hoë, gewoonlik (6.4) … struktuur is wat ook gebruik word om (6.5) … of vir (6.6) …

'n (6.7) … is die swelling in die suil van die kolomme. 'n (6.8) … is die lasdraende steenwerk tussen openinge. Kolomme bestaan uit drie dele: dop, (6.9) … en (6.10) …

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1 Noem enige VIER aspekte van 'n bouersbok wat goed geïnspekteer moet word voordat dit deur werkers op 'n perseel gebruik word. (4)

7.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (7.2.1–7.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.2.1 Met 'n basisdomkrag kan die hoogte van die steierwerk op ongelyke grond aangepas word.

7.2.2 Basisplate word gebruik om klampe reg te stel wat vasgedraai moet word.

7.2.3 'n Latei is 'n horisontale buis wat standaarde verbind.

7.2.4 Lyste word gebruik om vertikale steun vir die stellasie te vorm.

7.2.5 Standaarde word gebruik as versperrings langs die kante en punte van die platform.

7.2.6 Voetbalke vorm die basis van die stellasie.

(6 × 1) (6)
[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou